Perspektief ondanks ‘n Pandemie

Teks: 2 Korinthiërs 4: 16 - 5: 10
Teksvers: 2 Korinthiërs 5: 1

1. Inleiding

Geliefdes ons is so geseënd om in ’n baie mooi deel van die wêreld te woon. Onder normale omstandighede weet ons dat selfs groot getalle internasionale besoekers hierheen stroom. Dit veroorsaak ook dat ons graag hierdie natuurskoon wil beleef, en gevolglik gretig kampeerders is. En as daar nou seker een voorwerp is, wat sinoniem met kampering is, dan is dit ’n tent.

Want alhoewel mense in antieke tye meer permanent in tente gewoon het. Het die moderne samelewing so vooruitgegaan, dat selfs die armste mense vandag in ander tipe skuilings as tente woon. Die rede hiervoor is natuurlik die tydelike aard van ’n tent. Want selfs al word dit, soos vandag, van die beste materiaal gemaak, is die lewensduur daarvan maar tydelik. Wanneer dit elke dag gebruik word hou dit gewoonlik nie baie lank nie.

Dit bring ons by vandag se prediking uit die tweede brief aan die Korinthïers gemeente. Want in ons teksvers word ook duidelik melding gemaak van ’n tent. Maar hierdie tent word eintlik gebruik as metafoor vir ’n ander gedagte wat Paulus eintlik wil deel. Die tent in ons teksvers word in verband gebring met die menslike liggaam van die gelowige. En anders as wat sommige kritici dink is dit nie ’n Gnostiese gedagte wat ingedra word in die geloof nie.

Nee die spesifieke konstruksie waarmee ons teksvers begin, wys ons eintlik daarop dat Paulus eintlik net die gelowiges weer herinner aan ’n leerstelling waarin hulle reeds onderrig is. En vir ons is dit dieselfde vanoggend. Hierdie preek gaan waarskynlik nie aan u as ou gelowige, nuwe insigte oor die hiernamaals bring nie. Tog soos ons tema sê, is die doel om dit wat ons weet weer in perspektief te plaas vandag. Veral teen die agtergrond van die Pandemie wat ons in die wêreld tans beleef.

2. ’n Tydelike tentwoning

Hoekom word die menslike liggaam dan juis met ’n tent vergelyk in ons teksvers? Sonder om nou juis in mistisisme of filosofie in te gaan, is die eenvoudige waarheid, dat ’n mens in jou liggaam bly. Amper op dieselfde manier waarin ons in ’n huis bly. Jou liggaam bied ’n adres en beskerming aan jou innerlike. Tog ook anders as Gnostiese denke is jou liggaam ook belangrik. Want dit is ook deel van die skepping van die Here. Dit is per slot van sake soveel meer as net die sogenaamde kerker vir jou siel. En vanaf die vroegste reiniging wetgewing in die Ou Testament word die gelowige ook opdrag gegee om dit in stand te hou en te versorg.

Maar dan die boodskap uit ons teksvers vandag. Ons liggaam word vergelyk met ’n tent in terme van die tydelikheid daarvan. Want ons weet tente is tydelike wonings. Soos wanneer ons gaan kampeer, simboliseer ’n tent die praktiese skuiling wat ek vir ’n paar dae gaan nodig kry. Daarom versorg ons, nie ons tente nastenby so goed soos ons huise nie. Ons neem byvoorbeeld nie versekering uit, of laat dit in testamente agter aan ander nie. Tog is die beskerming van ’n tent baie waardevol wanneer die elemente van die weer nie saamspeel op my kampnaweek nie.

Dit bring ons dan vandag in die jaar 2020. Skielik is daar ’n nuwe virus wat die vermoë het om hierdie tentwoning, my liggaam, plat te slaan. En dit is ’n onsigbare vyand, waarvan ons na maandelange navorsing nog maar min

weet. Ja, die Covid-19 virus loop tans deur die kampterrein van die menslike populasie en slaan byna lukraak links en regs sekere tentwonings plat. En daarom die vrees by baie van ons vandag. Wat as dit my my of selfs ’n geliefde van my se beurt is vandag?

3. Wanneer tent afgebreek

Nou dat ons sekerheid het dat hierdie aardse woning wel afgebreek sal word, bly die tyd oor. Dit wat die woordjie wanneer aan ons duidelik maak in ons teksvers. Nou is die vraag natuurlik hoe hierdie tentwoning afgebreek sal word. Want tot en met hede is daar in die menslike geslag ’n honderd persent sterfsyfer. Natuur is die oorsake van mense se sterfte nie dieselfde nie. Covid19 is maar een oorsaak tussen duisende ander. Tog so seker as wat ’n tent eendag afgeslaan gaan word, so seker sal ek sterf.

Maar vir die gelowige is daar ’n ander werklikheid. Ja, die dood wat deur die sonde in die wêreld gekom het is ook vir die gelowige onaangenaam. En daarom breek ek nie sommer self my tentwoning af nie. Tot eer van die skepper van alle lewe, beskerm en bewaar ek lewe sover dit vir my moontlik is. Maar wanneer ek dan wel sterf. Het ek nie die vrees dat ek naak is nie. Wanneer ek die groter werklikheid aan die anderkant van die dood tegemoet gaan, wag daar vir my beter skuiling. Daar wag ’n vaste woning wat nie deur mense hande nie, maar die God self opgerig is.

En omdat ek vrygekoop is uit die houvas van die sonde, deur die kosbare bloed van ons Here Jesus Christus, kan ek voor sy regstoel in vers 10 verskyn. Daarom alhoewel my eie dood of die van ’n geliefde steeds ’n onaangename saak is, is ek nie bang daarvoor nie. Want as gerede gelowige wag daar vir my iets beter wanneer hierdie tentwoning plat geslaan word.

Soos ons reeds gesê het, is hierdie nie nuwe leerstelling wat Paulus aan die mense van Korinthíers oordra nie. Hierdie leerstellings is alreeds in 1 Korinthiërs 15 oorgedra. Veral vers 35 tot 58 uit 1 Korinthïers 15 handel breedvoerig oor hierdie onderwerp.

En daarom kan ons ook wanneer hierdie tentwoning afgebeek word uitroep saam 1 Korinthíers 15:53: “ Dood, waar is jou oorwinning? Dood, waar is jou angel?”

4. Net tentbybehore

Tog bly die swaartepunt van ons teksvers vandag die tydelikheid van die tentwoning. En dit is ook in besonder waaraan Paulus sy aanhoorders wil laat dink. Want ook vandag ervaar ons presies dieselfde in mense se optrede rondom ons. Ja ons moet bieg dat ons self dikwels al die aandag op die tentwoning plaas. Ons rus hierdie tentwoning toe met net die beste bybehore. Ons lê sorg daarop om hierdie liggaam met die beste klere te klee, in die beste huis te laat woon en ook die beste te laat geniet rondom hom.

En dan is ’n mens maklik verpletter in die realiteit van ’n pandemie, soos nou hier rondom ons. Ons sien dat mens ’n geweldige vrees vir infeksie het. Dat hulle so bang is om te sterf aan die covid19 virus. Die wêreld rondom ons is so behep met voorsorg maatreëls dat dit byna waansinnig raak rondom ons. Tog sien ons dat die belangrikste saak rondom die dood baie min aandag kry. Dit is soms so asof selfs gelowige mense nog nooit Jesus se woorde in Mattheus 10: 28 gehoor het nie: “[28]Moenie bang wees vir dié wat die liggaam doodmaak, maar die siel nie kan doodmaak nie. Nee, vrees Hom eerder wat sowel die liggaam as die siel in die hel kan laat vergaan.“

Ons sien dit duidelik wanneer dit oor prioriteite in ’n beperkte beweegruimte gaan. Die kerk en die geloof is maar laag op die lys. Nee die tyd, moeite en hulpbronne word eerder spandeer in vrees

op dit wat die liggaam kan doodmaak. Dit lyk of selfs baie gelowiges nie die vrees in vers 3 om naak voor die Here te staan het nie.

Onthou ’n mens kan al jou tyd en moeite op tent bybehore spandeer. Op al daardie dinge wat dit vir die liggaam so gerieflik en veilig as moontlik maak hier op aarde. Maar as die tent platgeslaan word, beteken ook die bybehore niks. In die nuwe vaste gebou in die hemel is hierdie bybehore nie bruikbaar nie.

5. Slot

Ons kan hierdie preek afsluit deur te fokus op die regte perspektief in die lewe van die gelowige. En die belangrike saak is natuurlik dat hierdie perspektief nie anders is, in ’n. tyd van pandemie nie. Dit is immers die boodskap wat die teks vandag aan ons openbaar. Of dan die waarheid waaraan die teksgedeelte ons weereens herinner. Die waarheid dat ons nie so gefokus moet raak op die klein gedeelte van die realiteit wat ons nou beleef nie. In die woorde van vers 18: “ 18Ons oog is nie op die sigbare dinge gerig nie, maar op die onsigbare; want die sigbare dinge is tydelik, maar die onsigbare ewig.”

En dit is ook waar ten opsigte van die pandemie wat ons tans beleef. Ons moenie vrees vir besmetting en sterwe aan Covid19 die mag oor alles in ons lewens gee nie. Want uiteindelik kan die Covid19 virus tog maar net die liggaam laat sterf. Hy kan maar net die hierdie tydelike tentwoning plat slaan. Hy kan niks meer doen nie.

Maar om werklik hierdie perspektief, selfs ook in ’n pandemie tyd te hê beteken dat ek eerstens my aardse lewe moet sien vir wat dit is. Dit is ’n tydelike tentwoning wat eendag platgeslaan gaan word. Of dit nou deur Covid19 of iets anders is weet ek nie. Maar ons is nie bang nie. Want ons sien met verlange uit na die vaste woning in die hemel by die Here.

Amen